

Maandag 30 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:24-26

**Fokusgedeelte: Romeine 7:24-26;
Heidelbergse Kategismus 44:115 (1)**

Waarom ons nog die Tien Gebooie in ons dankbaarheidslewe nodig het

Daar is twee redes waarom ons nog God se regverdige, goeie wet moet aanhoor, veral in ons eredienste waar baie kerke nie meer die wet voorlees nie.

Die eerste rede is dat ons nie sal vergeet waarvan ons gered is nie, soos Paulus dit uitroep in vers 24: "Ek, ellendige mens!" Sodat ons opnuut dankbaar sal wees vir ons groot verlossing in Jesus Christus (:25) en nie ons eie geregtigheid nie, maar sy geregtigheid ook in ons dankbaarheidslewe sal opsoek.

Ons Here Jesus het ons nie geleer om net eenmaal in die verlede, met ons eerste be-kering, te bid vir die vergewing van ons sondes nie, maar ons lewe lank in ons voort-gaande en deurgaande bekering (Matt. 6:12; sien HK Sondag 33). Christus se geregtig-heid bepaal ook ons heiligmaking (1 Kor. 1:30, 31).

Die tweede rede is dat ons ook ons lewe lank die Here se aangesig sal opsoek in ons gebede, sodat ons sal groei in ons heiligmaking, vernuwe sal word na die ewebeeld van God, waarvan die wet van God getuig.

Ons weet egter ons sal eers in die hiernamaals die volmaaktheid bereik, maar ons gryp nou al daarna deur sy Gees en Woord, soos Paulus op 'n ander plek vermeld (Fil. 3:8-14).

Sing: Psalm 119-1:6, 7

Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)